

Dayne Williams
Studieleier: Dr L Damons

Opvoeders se ervarings van leerderbetrokkenheid by die transformasie van tradisionele skoolbeleide en -praktyke by 'n voormalige Model C-skool

Transformasie is 'n woord wat 'n belangrike en uiteenlopende sin vir betekenis regdeur Suid-Afrika het. In die kern daarvan gaan transformasie egter oor beweging en verandering. Hierdie begeerte vir verandering laat geen terrein van die burgerlike samelewing onaangeraak nie, soos geïllustreer deur die mag van studente se stem in aangeleenthede van sosiale geregtigheid. Van lesingsale by tersiêre instellings tot klaskamers by sekondêre skole in ons land is verandering en beweging oënskynlik 'n onafwendbare en nodige deel van ontwikkeling in ons land.

Hierdie studie het beoog om pogings van een skool om transformasie deur samewerking tussen leerders en opvoeders te bewerkstellig, te ondersoek. Hierdie doel is bereik deur 'n stem te gee aan die opvoeders wat aangestel en aktief was in die gebeure wat gedurende die 2016 akademiese jaar deur leerders gelei is en tot belangrike beleidsveranderinge gelei het.

Gebaseer op 'n oorsig van die literatuur en benader vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese raamwerk, is hierdie studie gebruik om die bevindings wat gedurende individuele onderhoude en 'n fokusgroepbespreking versamel is, te ondersoek. Data is eers getranskribeer en ontleed om vyf prominente temas te identifiseer, naamlik die persepsies van transformasie in voormalige Model C-skole, die insluiting van burgerlike opvoedingselemente, posisionering van stemme van studente, opvoeders se ervarings van die studente-stem, en die erkenning van opvoeders se stemme.

Die navorsingsbevindings suggereer dat die voorsiening van geleenthede vir die stem van studente in skole die wyse daarstel om aangeleenthede van transformasie beter te onderhandel. Boonop dien hierdie geleenthede om die identiteit van adolessente te ontwikkel terwyl leerders opgevoed word om funksionele lede van 'n demokratiese gemeenskap te word. Gevolglik mag die potensiaal vir magsewewig tussen leerders en opvoeders as gevolg van groeiende aanspraak bestaan. Gegewens wat hierdie wanbalanse met waargenome groeiende aanspraak van leerders verbind, was egter nie afdoende nie.

Laastens suggereer die bevindings dat 'n voldoende vlak van bestuur benodig word wanneer verantwoordelikhede soos die bestuur van VSR's aan opvoeders toegeken word, omdat versium om dit te doen tot oorlaaide onderwysers en gevolglike ongunstige effekte op onderrig en leer kan lei.